NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid en Reëls vir die toekenning van 'n Kanseliersmedalje

Verwysingsnommer	1P/1.3.1.8B
Aanspreeklike uitvoerende bestuurder	Institusionele Registrateur
Beleideienaar	Bestuurder: Institusionele Korporatiewe Beheer en Sekretariaatdienste
Verantwoordelike afdeling	Institusionele Korporatiewe Beheer en Sekretariaatdienste
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	19 Junie 2009
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2011
Webadres van die beleid	http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels
Adres op die beleiddatabasis	RMA SHARE r:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\1P-1.3.1.8B-chancellors medal_a.docm

Beleid en Reëls vir die toekenning van 'n Kanseliersmedalje

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit die onderstaande beleid en reëls vir die toekenning van ŉ Kanseliersmedalje op 19 Junie 2009 goedgekeur.

2 Doelstellings

Om kriteria en prosedures daar te stel vir die toekenning van ŉ Kanseliersmedalje aan die Noordwes-Universiteit.

3 Omvang van toepassing

Fakulteitsrade, Senaat en Raad.

4 Beleid

ŉ Persoon of instelling buite die Universiteit aan wie ŉ Kanseliersmedalje toegeken word, moet uitsonderlike meriete toon.

- Die kern van sodanige meriete is ŉ uitsonderlike diens of prestasie van ŉ nie-akademiese aard, en/of uitsonderlike bydraes in enige lewensfeer wat versoenbaar is met die Universiteit se visie en missie.

- Die meriete van die ontvanger moet ook die Universiteit tot eers strek. Die verbintenis tussen die ontvanger van die toekenning en die Universiteit moet van ŉ langdurige aard wees, en die toekenning moet ŉ bydrae kan lewer om sodanige noue verbintenis te bevorder.

5 Reëls

5.1 Die Kanseliersmedalje kan in hoogs uitsonderlike gevalle *postuum* toegeken word.

5.2 Die volgende kategorieë persone kom nie in aanmerking vir Kanseliersmedaljes van die Noordwes-Universiteit nie:

(a) Aktiewe personeellede;

(b) Donateurs, in gevalle waar die indruk geskep sou kon word dat die eretoekenning gemik is op die verkryging van verdere finansiële voordeel vir die Universiteit.

Die diens van die kandidaat aan die Universiteit self of buite die Universiteit moet in alle opsigte van uitstaande gehalte wees en hy/sy moet in alle opsigte die toekenning van ŉ Kanseliersmedalje waardig wees.

5.4 Kanseliersmedaljes word in die reël beperk tot ŉ maksimum van twee per kampus per jaar; die toekenning geskied tydens verskillende kampusgradeplegtighede. Gegewe die vereiste van uitsonderlike meriete word die Kanseliersmedalje nie noodwendig elke jaar toegeken nie.

5.5 Weens die simboliese waarde van hierdie toekennings, en ter wille van die beskerming van die privaatheid en waardigheid van kandidate, moet streng vertroulikheid en diskresie gehandhaaf word tydens die prosesse van die opstel en oorweging van enige voorstelle vir die toekenning – totdat dit finaal deur die Raad goedgekeur is.

5.6 Die finale besluit en aanspreeklikheid met betrekking tot die Kanseliersmedalje berus by die Raad.

6 Prosedures

6.1 Met inagname van die mengsel van fakulteite van die Noordwes-Universiteit staan dit enige lid van die universiteitsgemeenskap vry om ŉ nominasie vir ŉ kandidaat by die betrokke fakulteit in te dien. Verwante fakulteite of dissiplines van verskillende kampusse moet oorleg pleeg oor nominasies ten einde te verseker dat verskillende groepe dissiplines van jaar tot jaar geleentheid kry om nominasies te maak.

6.2 Nominasies moet vergesel word van ŉ motivering [maksimum twee bladsye lank] waarin aangetoon word hoe die genomineerde aan die kriteria vir ŉ Kanseliersmedalje voldoen Die kandidaat se bydrae moet duidelik aangetoon word in die motivering en so bondig as moontlik gestel word. Relevante ondersteunende inligting moet deel uitmaak van die voorlegging.

6.3 Nominasies moet direk na die kantoor van die Institusionele Registrateur gestuur word, wat sodanige nominasies na die Keuringskomitee, naamlik die Eretoekenningskomitee van die Raad sal verwys.

6.4 Bo en behalwe die lede van die Keuringskomitee soos voorgeskryf deur die Statuut moet spesialiste op die betrokke gebiede gekoöpteer word: vir enige gegewe geval twee, of maksimaal drie spesialiste op die gebied waarin ŉ toekenning oorweeg word.

6.5 Die lede van die Keuringskomitee mag kandidate nomineer, maar moet hulself onttrek wanneer hul genomineerdes deur die Keuringskomitee bespreek word.

6.6 Waar daar enige twyfel bestaan, moet die Keuringskomitee baie versigtig wees om nie té toegeeflik te wees met die keuring van kandidate vir hierdie toekenning nie, en eerder aanbeveel dat geen toekenning gemaak word nie.

6.7 As die Keuringskomitee tevrede is dat die voorgestelde kandidaat/kandidate beslis aan die kriteria voldoen, word ŉ aanbeveling van die naam/name van die kandidaat/kandidate, saam met die nodige motiverings, aan die Senaat gemaak vir oorweging. Hierdie dokumentasie word ingesluit in die sakelys van die Senaatsvergadering. Die lede van die Senaat beraadslaag nie oor die meriete van die aanbevelings nie, maar kan vrae stel ter verduideliking van die voorstel voordat die aangeleentheid by wyse van geheime stemming beslis word. Dit geskied altyd *in camera*.

6.8 Die nominasies vir eretoekennings word na die Keuringskomitee verwys, wat op hul beurt die gekose kandidate terugverwys na die Senaat. Na afloop van die proses maak die Senaat ŉ aanbeveling aan die Raad oor die gekose kandidate.

Na goedkeuring daarvan word ŉ Kanseliersmedalje met die volgende meegaande verklaring by ŉ gepaste plegtigheid aan die ontvanger toegeken:

"HIERMEE WORD VERKLAAR DAT DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT SE KANSELIERSMEDALJE TOEGEKEN WORD AAN ..... VIR ..... ."

Oorspronklike gegewens: Jacoline Jansen van Vuuren(10225676) C:\Documents and Settings\Administrator\Desktop\1P-1.3.1.8B-chancellors medal_a.doc
20 September 2010

Huidige gegewens: Amanda van der Merwe(10935746) https://share.nwu.ac.za/alfresco/webdav/ \1P-1.3.1.8B-chancellors medal_a.docm
27 Oktober 2011

Verwysingsnommer: 1P-1.3.1.8B